

RIVER REEDS



Die River Reeds kamp het plaasgevind vanaf 14 tot 17 April 2017.

Ons Paasnaweek kamp hierdie jaar was n splinternuwe ervaring. Dit was by River Reeds en die eerste keer dat n SAWA kamp daar gehou is. Japie Snyman, Frans Labuschagne, Richard Heyman en Tjaart Snyman was eerste om te arriveer die Woensdagmiddag. Die ander lede het vanaf Donderdag begin uitkom en selfs Vrydag het nog lede opgedaag.

Die eienaar was maar baie skepties oor die 19 karavane, want volgens hom kan die plek net 14 karavanne neem en veral oor die kragpunte. Glo my ons het almal ingepas en daar was nog plek vir drie karavanne. Krag miskien so 3x afgeskop, maar nie vir lank nie. Die Bothma's het Sondag kom kamp en oorgeslaap in hul tent.

Die weer was lekker, miskien so hier en daar 'n druppel geval, behalwe vir Vrydagnag se harde bui wat uitgesak het. Verder kan ons glad nie kla van slegte weer nie.



1 Daar is lekker saam gekuier om die vuur en onder die lapa. Oud en jonk het speletjies onder die lapa gespeel terwyl van die manne probeer het om n vissie te vang. Ek weet nou nie so mooi nie, dieselfde vissie is drie keer deur verskillende mans gevang.

Donderdagaand is boekevat deur Poppie en Richard Heyman gehou. Vrydag het elkeen sy eie ding gedoen en net lekker saam gekuier. Een groep het lekker potjiekos gemaak en die kok was Sandra Fourie. Tannie Susan Smith het vir ons boekevat gedoen en vertel waaroor paasfees gaan, die kruisiging en opstanding van Jesus.

Saterdag was almal baie rustig en speletjies gespeel en die wat wou dorp toe het dorp toe gegaan. Heerlike ontbyt is onder die lapa gemaak, ñ eiertjie en bacon op sy regte tyd is darem lekkerrrrr! Judie Botha se boekevat het aangesluit by Susan Smith sin oor die opstanding van Jesus.

Jakkie het Sondagoggend vir ons n pragtige boodskap gebring wat jou weer bietjie laat dink het en dit het ook gegaan oor die kruisiging en opstanding van Jesus. Daarna het die paashaas gekom. Wat ñ pragtige paashaas, vat jy aan haar stert dan hop, hop sy. Die kinders het hulle emmertjies eers versier voor hulle die paaseiers gaan soek het. Daar is vir almal van groot tot klein paaseiers uitgedeel.

Jacques en Zeldrien Strydom het vir elke karavaan ñ skinkbord gemaak en met die skenkings van die paaseiers gevul. Wat ñ pragtige idee en iets om te gebruik in jou karavaan. Baie dankie aan almal wat bygedra het om die naweek so besonders te maak.

Maandagoggend moes ons weer soos gewoonlik oppak en huiswaarts keer, want die skole begin Dinsdag weer. Sterkte aan almal vir die nuwe kwartaal.

Dit was ñ heerlike naweek in die natuur en die van julle wat nog nie by hierdie kampterrein was nie moet dit gerus probeer. Dankie aan ieder en elk wat deel was van hierdie lieflike naweek.

Veilig sleep.
Richard & sy span

RIVER REEDS PLAATJIES

Frans & Liana Labuschagne 150 Algemeen

